Verwysing: 20210615-3803
Lêerno.: 12/2/11/1/Notice of Economic and Management Sciences teacher professional development workshop for Grade 9 teachers
Navrae: A Venter

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir Intermediêre Fase, Vakadviseurs vir Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Kennisgewing van professionele ontwikkelingswerksessie vir graad 9-onderwysers in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US), nooi hiermee alle graad 9-onderwysers wat Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) aanbied om 'n aanlynopleidingskursus in Finansiële Geletterdheid, naamlik debiteure en krediteure, by te woon.

2. Die doel van die professionele ontwikkelingswerksessie vir onderwysers is om die onderrig van EBW in graad 9 te verbeter deur kennis en vaardighede aan onderwysers te bied wat tans die vak in graad 9 onderrig.

3. Die kursus sal deur dosente van die US en die senior kurrikulumbeplanner, dr. Antoinette Venter, aangebied word. Die kursusmateriaal word deur die US, die WKOD en die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders onderskryf.

4. Die opleiding bestaan uit vier sessies en sal op die volgende datums plaasvind:

   - Maandag, 26 Julie 2021 vanaf 16:00 tot 17:30
   - Maandag, 02 Augustus 2021 vanaf 16:00 tot 17:30
   - Maandag, 16 Augustus 2021 vanaf 16:00 tot 17:30
   - Maandag, 23 Augustus 2021 vanaf 16:00 tot 17:30

5. Die sessies sal in Engels en Afrikaans op die *Microsoft Teams*-platform aangebied word.

6. Bywoning van hierdie kursus sal lei tot 'n sertifikaat wat daarop dui dat die ontvanger omvattende ondersteuning in die vak EBW van die US ontvang het.

7. **Registrasie:**
   Onderwysers word versoek om **op of vóór Vrydag, 09 Julie 2021** aanlyn te registreer deur die volgende skakel te gebruik: https://docs.google.com/forms/d/14sJOW9ShARMFReMfSS7FtOkJzpO35Vvw3HwHbuDOm4w/edit?usp=sharing.

8. Indien u enige verdere inligting verlang, kontak gerus die provinsiale koördineer, dr. Antoinette Venter, by Antoinette.venter@westerncape.gov.za of 021 467 2501.

9. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag te bring van graad 9-onderwysers wat EBW aanbied.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-06-21